

VERANDERINGE AAN DIE FINALE OMGEWINGSINVLOEDBEPALINGSVERSLAG (FOIBV)

Verskeie veranderinge is aangebring aan die Konsep Omgewingsinvloedbepalingsverslag (KOIBV) om dit op te dateer na die FOIBV, sowel as om kommentaar deur Belanghebbende en Geaffekteerde Partye (B&GPe) en kern belanghebbendes aan te spreek. Die belangrike veranderinge en insetsels aan die FOIBV word hieronder opgesom om die oorsig van die verslag te vergemaklik.

1. WNOB GK 921 opgedateer op 29 November 2013 om Kategorie C in te sluit

- Na die vrystelling van die KOIBV is die Afval klassifikasie en Hanterings Regulasies opdateer en Kategorie C is bygevoeg by die gelyste aktiwiteite in terme van die WNOB (GK 921, 29 November 2013). Afvalmateriaal (m.a.w. grond wat as deel van die werke verwyder word), wat geklassifiseer is as 'n afvalproduk, val nou onder Kategorie C en moet dus voldoen aan die normas en standaarde en moet geregistreer word by die Departement. Dit vereis dus nie 'n Afvalbestuurslisensie nie.

2. Afvalmateriaal getalle

- *Tonnel (voorkeur-opsie)*: 'n Geskatte totaal van 115,000 m³ afvalmateriaal sal uitgegrawe word uit die keerwal, tonnel, kragkamer, en onderloop. Die grootste gedeelte afvalmateriaal sal gegeneer word deur die konstruksie van die onderloop.
- *Kanaal*: 'n Geskatte totaal van 180,000m³ na 200,000m³ afvalmateriaal sal uitgegrawe word vanuit die keerwal, tonnel, kragkamer, en onderloop. Die grootste gedeelte afvalmateriaal sal gegeneer word deur die konstruksie van die kanaal.

3. Komponent dimensies

- Die beskrywing van die infrastruktuur komponente is as volg opdateer gebaseer op hersiene ontwerp:

Permanente terrein infrastruktuur			
Komponent	Dimensies (WXL)	Totale voetspoor (m ²)	Gemiddelde Koördinate
<i>Afleidings-infrastruktuur</i>	20m x 150m	3,000m ²	29° 2'28.68"S, 22°12'15.93"E
<i>Water vervoer-infrastruktuur</i>			
a) Kanaal	35m x 230m	8,000m ²	
b) Tonnel	6m x 6.75m x 300m	Nul (ondergronds)	29° 2'23.41"S, 22°12'10.53"E
<i>Kragsentrale inlaat-infrastruktuur/ valdeur</i>	20m x 20m	Nul (ondergronds)	29° 2'19.88"S, 22°12'7.04"E
<i>Kragsentrale (i.e. turbines en generator)</i>	38m lang x 30m wyd	1140m ²	29° 2'19.62"S, 22°12'6.74"E
<i>Uitlaat-werke/ onderloop</i>	30m x 160m	4800m ²	29° 2'19.29"S, 22°12'4.29"E
<i>Skakelkamer/ transformatorbaai</i>	20m x 20m	400m ²	29° 2'19.31"S, 22°12'6.93"E
<i>Hoë Spannings (HS) Transmissie Infrastruktuur</i>	Maksimum - 30m x 41,000m Waarskynlik – 15m x 41,000m	1,230,000m ² (Alhoewel, die verwys na die totale servituut, elke mast sal 'n klein	Begin 29° 2'19.31"S, 22°12'6.93"E Middelpunt 29°11'21.44"S, 22°11'50.96"E

	(30m for 132kV or 15m for <132kV)	persentasie hiervan beslaan)	Einde 29°20'44.58"S, 22°14'2.22"E
--	-----------------------------------	------------------------------	--------------------------------------

Permanente terrein infrastruktuur			
Komponent	Dimensies (WXL)	Totale voetspoor (m²)	Gemiddelde Koördinate
Toeganspaaie			
Terrein toegang			
a) Bestaande	~ 8.5km x 6m	51000 m ²	Begin 29° 2'19.31"S, 22°12'6.93"E Middelpunt 29°11'21.44"S, 22°11'50.96"E Einde 29°20'44.58"S, 22°14'2.22"E
b) Nuut	-	-	
Transmissie roete			
c) Bestaande	~ 25km x 4m	-	Einde 29°20'44.58"S, 22°14'2.22"E
d) Nuut	~16km x 4m (onderhewig aan finale bevestiging tydens die ontwerp fase)	64,000m ²	
Afvalmateriaal	Hergebruik opsies sluit plaaswalle in om vloede van landerye en/of die opgradering en vestiging van toegangspaaie.	~ 170,000m ³ .	Toegangspaaie: soos hierbo Plaaswalle: Begin 29° 4'11.84"S, 22°12'44.39"E Middelpunt 29° 4'10.08"S, 22°12'39.39"E Einde 29° 4'10.70"S, 22°12'35.25"E
Leengroewe (LG)	LG1 Omtrek ~250m LG2 Omtrek ~200m		29° 3'4.27"S, 22°14'4.01"E 29° 3'13.20"S, 22°14'50.38"E
Sediment "basins"	3 x 30m x 30m Totale area mag dalk groter wees a.g.v. die walle, snye en sediment studie bevindings.	2700m ²	Middelpunt van "basin" 1: 29°02'18.13"S, 22°12'08.65" Middelpunt van "basin" 2: 29°02'16.28"S, 22°12'07.37" Middelpunt van "basin" 3: 29°02'14.56"S, 22°12'05.97"
Tydlike terrein infrastruktuur			
a) Terrein kantoor			
b) Konstruksie terrein	50m x 75m	3750m ²	29° 2'27.23"S, 22°12'24.42"E
c) Personeel verblyf			

4. Sediment Bestuursplan

'n Sediment plan is opgestel om uitklaring en besonderhede te verskaf rakende die voorgenome "dredging" van die Boegoeberg Dam. Die akwatiese spesialis het bevestig dat die voorgenome sedimentasie bestuursplan nie 'n beduidende impak op akwatiese hulpbronne sal hê nie maar dat dit moontlik die bestaande orde kan verbeter. Die gedeeltes van die verslag wat besonderhede hieroor bevat is updateer.

5. Sosio-ekonomiese veranderinge

Alhoewel dit nie deel vorm van die die OIB studie nie, is 'n sosio-ekonomiese studie onderneem as deel van die Departement van Energie se vereistes. Die sosio-ekonomiese studie het kennis geneem van die relevante inligting in die verslag.

6. Vervoer informasie

Die ritte wat verband hou met die projek is updateer, gebaseer op hersiene ontwerp informasie, soos volg:

Aktiwiteit	Verwagte ritte	Gemiddelde ritte
Konstruksie - daaglik		
Terrein bestuur	3 x 2 ritte heen en weer per dag vanaf/ na die terrein d.m.v. "Light Duty Vehicle" (LDV)	6 LDV ritte per dag
Terrein personeel	3 x 2 ritte heen en weer per dag vanaf die terrein d.m.v. taxi	6 taxi ritte per dag
Terrein besoekers	2 ritte heen en weer vanaf die terrein per week	0.4 LDV ritte per dag
Sub-kontraakteurs	60% van die bogenoemde items per dag	7.45 ritte per dag
Konstruksie - Onreëlmatig		
Sement trokke	24 ritte oor 'n 24 maande tydperk	1 rit per maand
Versterking	24 ritte	1 rit per maand
Tonnel toerusting	10 ritte	< 0.5 rit per maand
Konstruksie toerusting	12 ritte	0.5 rit per maand
Meganiese toerusting	12 ritte	0.5 rit per maand
Turbines & generators	6 ritte na terrein	6 ritte na terrein
Aflewering	1 rit per dag	30 ritte per maand
Werkings en Bestuur (W&B)		
W&B	5 ritte per week	5 ritte per week

7. Wysigings en toevoegings tot die Omgewingsbestuursprogram (OBPr)

Verskeie addisionele bestuursplanne is aangeheg aan die OBPr om te voldoen aan die vereistes van die Omvangsbepalingverslag Goedkeuring deur die DOS, sowel as die SAHRA vereistes. Die volgende bylaes is ingesluit.

- Bylae B: Konstruksie OBP algehele Spesifikasies
- Bylae C: Plantegroei Bestuursplan
- Bylae D: Gevaarlike Stowwe Bestuursplan
- Bylae E: Erosie Bestuursplan
- Bylae F: Storm Water Bestuursplan
- Bylae G: Verkeer Bestuursplan
- Bylae H: Vervoer Plan
- Bylae I: Afval Bestuursplan

- Bylae J: Erfenis Bewaring Plan
- Bylae K: Akwatiese Hulpbronne Bestuursplan
- Bylae L: Gevaarlike Stowwe Bestuursplan
- Bylae M: Oop Spasie Plan
- Bylae N: Diensvlakoooreenkomste inligting
- Bylae O: Watergebruik lisensie inligting

Hierdie toevoegings het genoodsaak dat die formaat en struktuur van die OBPr verander word om hierdie veranderinge te akkomodeer

8. Kommentaar ontvang op die KOIBV

Fokusgroep vergaderings is gehou met die !Kheis Munisipaliteit en die Boegoeberg Waterverbruikersvereniging, sowel as Openbare inligtingsessies om die KOIBV aan te bied. Kommentaar tydens die vergaderings, so wel as kommentaar gemaak op die KOIBV is opgeneem en gereageer daarop in die K&AV3 en is aangeheg aan die FOIBV.